WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 16/2017

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Johan (Jorrie) Jordaan van die Infanterie

John Lizamore is die Nasionale President van die Infanterie-vereniging en verwittig met leedwese "… dat Jorrie op 08/11/2017 in Intensief by 1 Mil Hosp weens kanker oorlede is. Mag hy in vrede rus. Sy vrou, Marie, se selno is 083 254 4704. Jorrie se begrafnisdiens het op 15/11/2017 vanuit die Gereformeerde Gemeente in Lyttelton plaasgevind".

2. Passing of Cdr Franz Gouws of the SAN

Arne Soderland advises with sincere regret of "… the passing of Franz on 05/11/2017. Our deepest sympathy to Colleen and their sons Dylan, Gui, Dalmain and their families. A memorial service was held in the Dockyard Church in the West Yard on 18/11/2017".

3. Passing of Nick Erleigh of the SAN

Angel also advises with deep regret of the passing of Nick Erleigh on 12/11/2017 from complications after surgery. Our deepest sympathy to his wife, Debbie and Daniel, Mandy and their families as well as to his siblings, Rohan, Vera and Cas. No further details are known and the service will be held in Pretoria".

4. Gedenkdiens vir Daan Nell van die Parabats

Die gedenkdiens het op 24/11/2017 by die Gereformeerde Gemeente in Wierdapark plaasgevind.

5. Terugslag vir GHF (Swanie) Swanepoel van die Geskut

Flip le Roux van die Infanterie noem dat sy "… goeie Gunner-vriend en mede student op Bevel- en Stafkursus G 9101, in Okt 2015 met kanker van die kolon gediagnoseer is, wat nou na sy lewer versprei het. Swannie het baie hare verloor maar onder omstandighede gaan dit nog goed met hom. Sy selno is 082 801 6171".

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

6. Gedagte oor Jorrie Jordaan van die Infanterie

Chris van Zyl van die Geskut noem dat hy "… met Jorrie 'n pad saamgestap het in Kimberley toe hy Bev DTKS was en weer later toe hy na die fiasko in Mmabatho my skakel met die Bop Weermag was. Mag hy in vrede rus".

7. Die Suidwesters

Piet Heyns van die SWAGM se Genie noem dat hy "... hierdie week lekker met Basjan van Niekerk oor die oud dae gesels het en het gehoor dat dit met hulle op Hentiesbaai goed gaan".

8. Boodskap van Leon Martins van die Infanterie

"As ek let op die aktiwiteite van die verskeie Veterane-vereniging, is dit duidelik dat ons steeds deel van 'n professionele goed ge-oliede organisasie bly wat deur trotse Suid-Afrikaners beman word, al wil die huidige geskiedenisskrywers ons so graag totaal uit die geskiedenis uitdelf. Wat ons bereik het sal hulle nooit ooit kan bereik nie".

MILITêRE AANGELEENTHEDE

9. Display of Naval Might

According to Arne's MN, the USN conducted Ex Valiant Shield in Aug 2007 with three carrier strike groups consisting of USS Nimitz, USS Kitty Hawk and USS John C. Stennis with supporting warships in the Western Pacific to give Kim of North Korea a fright.

10. Donation for Military Cemeteries in the USA

Paul Els found a note on FaceBook that stated "…that President Trump has decided to donate his annual salary to the Department of the Interior, where it will be used for the construction and repair
requirements at military cemeteries".

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

11. Uitkoop van Militêre Medisyne

Arlene Bronkhorst van die SAW Vereniging noem dat "... die apteek in Valhalla baie besig was, maar toe onthou ek dat Spar se Apteek in Clubview Corner in Lytteltonweg nou ook medisyne aan die Veterane lewer. Die diens is wonderlik, die apteek is koel en daar is sitplek vir mense wat nie kan staan nie. Hulle is tot 20:00 in die week oop en dit is baie rustig daar".

12. Besonderhede van die SMMVF

Dr Lourens Smith verwittig dat die telefoon- en faksnommer by die SMMVF se kantoor in Centurion 012-679 4225 en 012-679 4464 is, terwyl die bankbesonderhede soos volg is :

Regular Force Medical Continuation Fund
FNB
Acc No 62464197237
Branch 250655

TOEKOMSTIGE OORLOë

13. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

14. Video about SADF Operations in Angola during 1981 and 1982

The military author, Al J Venter, says that the link below, 'Into Angola', was distributed by a group of Americans who has a high regard for our military ability. I think that our children should see this to show what we had really achieved. It includes an interesting piece showing Deon Ferreira as a commandant. The link is at Into Angola".

15. Mobilisering van die Herero's in die Kaokoland. Daar is die ou verhaal uit die begin van die bosoorlog oor die militêre poging om die inwoners van die Kaokoland teen moontlike insypeling deur SWAPO (PLAN) te mobiliseer. Nie seker hoeveel van die verhaal waar is nie, maar dit sal jammer wees as die feite 'n goeie storie sal bederf. Veterane van die grens soos Gert van Niekerk en Jurie Lombard kan gerus verwittig wat hulle hiervan weet. Die verhaal is soos volg:

'n Afspraak is met die Opperhoof in Opuwa gereël en Minister PW Botha, Genl Magnus Malan as H Leër en 'n afvaardiging daag op om Komops te gaan maak. Na deeglike inligting- en operasionele voorligtings om die bedreiging en nodige teenmaatreëls te verduidelik, wag die afvaardiging vir die Opperhoof se reaksie. Deur 'n tolk bedank hy die afvaardiging vir hulle besoek, maar gaan voort om te verduidelik dat hy 13 vroue het en dat hy aan sy stam 'n toonbeeld van 'n viriele Opperhoof moet wees. Hy is baie bly oor die besoek deur al die belangrike mense, want hy is seker dat hulle hom met sy ernstige probleem sal kan help. Deesdae wanneer hy met een van sy vroue in die bed klim dan vind hy dat ..... (res van die sin op regsadvies weerhou).

16. Militêre Dinge in SWA

Piet Heyns van die SWAGM se 91 Genie Regt noem dat hy "… bewoë raak oor die verlore dokumentasie wat deesdae nie meer vir die nageslag geliasseer en bewaar word vir nie. Ek is besig om my huis op te ruim en vind geskrifte wat eintlik nie verlore mag gaan nie, maar wie wil argiewe versamel? Onder andere my sakboekie 'Aide Memoire for Counter Insurgency Operations' onderteken deur genl Viljoen. Ek het reeds vir my kinders laat weet dat ek al die goed in 'n vraghouer gaan sit en as ek die dag doodgaan, moet hulle net my kis ook insit en die hele lot 3m diep begrawe.

Voor UNTAG hier opgedaag het moes ons die eenhede se dokumente in trommels pak en Pretoria toe stuur. Ons het ook die offisiere en senior onder-offisiere se persoonlike lêers aan hulle gegee om self daaroor te beskik. Basjan noem ook dat hy daarby betrokke was en hy vermoed dat Sektor 30 se dokumente by die Argiewe in Pretoria beskikbaar is, want hy weet van 'n Hollandse dame wat oor burgersake navorsing gedoen het en na 'n lang gesukkel glo toegang gekry het.

EK het op 'n skripsie vir 'n MA oor dissipline in die NDF op die internet afgekom en dit kan vanaf my e-posadres by heynsp@mweb.com.na aangevra word".

17. Early Development of Electronic Warfare. The following appeared in Angel's MN:

The history of South Africa's EW evolution goes back to the beginning of WW2 and not just as a tactical radar countermeasure. A little-known activity was the so-called Price-Milne Organisation, formed by Gen Smuts, after serious concerns about clandestine enemy activity had been brought to his attention by Dr HJ van der Bijl, who was the scientific adviser of the Prime Minister.
Price and Milne were senior engineers in Escom and the Post Office and they had set about designing radio monitoring equipment in order to trace a German spy known to be operating in South Africa, who was communicating by radio with his embassy in Lourenco Marques. At the same time the Special Signals Service of Dr Schonland's, responsible for South Africa's own radar, assisted in the development of a special receiver with a visual panoramic display that was deployed by a highly secret section within the SA Corps of Signals for the same purpose. Finally, there was considerable co-operation with the RN in setting up radio direction finding stations in both South Africa and Rhodesia for the purpose of tracking German U-boats when they surfaced, at night, to recharge their batteries and to communicate with their HQ. It is a historical fact that SA played a significant part in the early development of Electronic Warfare.

18. Words of Last Post

* In the previous Newsletter Johann Posthumus of Army Intelligence mentioned that this melody originate from the civil war in the USA, where the notes of the song was found in the pocket of a dead soldier of the Confederate Army.

* However, Crow Stannard of the SAAF, wishes to differ and states that "… the above is a cyber-legend as there is a distinct difference between the British 'Last Post' and the American 'Taps'. The Last Post is either a bugle call within British infantry regiments or a trumpet call in British Cavalry and Artillery and is used at Commonwealth military funerals and ceremonies commemorating those who have been killed in war. For ceremonial use, the Last Post is often followed by the longer Reveille. The origins lies in an old British tradition when military encampments were inspected in the evening at sunset and when the Orderly Officer was satisfied that all the sentries were posted, the Last Post was sounded to re-assure the soldiers that all was in order and they could rest for the night. During the 19th century, Last Post was also carried to the various countries of the British Empire, including South Africa and it was also used by the British in the American War of Independence. In all these countries it has been incorporated into military funerals, where it is played as a final farewell, symbolising the fact that the duty of the dead soldier is over and that they can rest in peace.

Taps or Last Tattoo is a bugle call played at dusk, during flag ceremonies and at military funerals by the armed forces of the USA. The tune dates from around 1600 during the Thirty Years' War in Belgium and the Netherlands. The Dutch Army consisted mostly of Scottish, English, German and Swiss mercenaries, but was commanded by a Dutch officer corps. Drummers from the garrison were sent out into the towns at 21:30 each evening to inform the soldiers that it was time to return to barracks. The process was known as *doe den tap toe* (turn off the tap) an instruction to innkeepers to stop serving beer and to send the soldiers home for the night. Tattoo, tap-too and taptoo, are alterations of the Dutch words *tap toe.* Taptoo was used in George Washington's papers in which he said that '… in future Reveille will beat at day-break; the troop at 8 in the morning; the retreat at sunset and taptoo at nine o'clock in the evening'. There are several legends concerning the origin of 'Taps', but it is generally accepted that Daniel Butterfield composed the melody".

19. Negatiewe Boodskap uit Suid-Vietnam

Hierdie foto van ‘n Zippo sigaretaansteker het op FaceBook verskyn. Blykbaar afkomstig vanuit Suid-Vietnam in 1972 en is die produk van ‘n besondere NAAFI-lid van die VSA se Leër.

20. Earliest Marine Navigation Tool Discovered

In Angel’s Maritime News it was stated that Researchers at the University of Warwick have identified what is believed to be the earliest known marine navigation tool ever discovered. The artefact, now determined to be an astrolabe, was excavated in 2014 from the wreck of a Portuguese explorer ship which sank during a storm in the Indian Ocean in 1503. The ship was called the Esmeralda, part of a fleet led by Portuguese explorer Vasco da Gama, the first person to sail directly from Europe to India. The tool would have been used by mariners to measure the altitude of the sun, thereby helping them determine their location on the high seas. The 17.5cm diameter bronze disc on the right has no visible navigational markings, but scanning technology revealed tiny etches around the edge of the object, each separated by five degrees.



NUWE MILITêRE BOEKE

21. Book on Op Savanna by Roy Jackson of the Gunners *: The Hobby Horsemen*

Roy states that “… some time back one of the Veterans of Op Savannah asked when the back-room boys would get some credit for the success of Op Savanna. Well the time is upon us, as my book goes to the publishers on 15/11/2017 and will be available early Dec 2017. Those interested can visit my Facebook page at Jackson's Warbooks for more information and update about availability. The star of the book is a greatly revered Gunner, namely the late Willie Kotze. The following is a brief summary of the book:

The Hobby Horsemen was prompted by the trials and tribulations that were encountered during Op Savannah by mu unit, 1 Light Horse Regt. Not only the strange environment, but the lack of co-operation on the part of some members of the establishment. We had to fight tooth and nail with our own seniors to even get a hearing. The book will take the reader through the hustle and bustle of the call up in Jan 1965, the trip to Bloemfontein and the subsequent struggle to get my unit out of the training area. We eventually arrived in Grootfontein where there were no vehicles or equipment available. Using my own management style I managed to keep my sanity and my unit deployed and happy. There are 25 photographs in the book, including some I took as OC 101 Task Force Reserve. It was a hard slog from Bloemfontein to the operational area. Come, walk the walk, with *The Hobby Horsemen”*.

22. At the Going Down of the Sun by Mo Oelschig of the Airborne Infantry

Mo has shown another of his many hidden talents by having this anthology of short stories, essays and verse published in the USA in Oct 2017. Mo says that "…it comprised, amongst others, of poetry written as far back as the 1980s, thoughts on events such as the Jameson Raid, the Anglo/Boer War that followed, Desmond Tutu's TRC and Plato's view of developments in the RSA. It includes some award-winning verse and creative writing produced in Canada since 2012. The book is dedicated to all the men and women with whom I served during my career and includes the following verse from William Wordsworth's poem, *Character of the Happy Warrior:*

> *And, while the mortal mist is gathering, draws*
> *His breath in confidence of Heaven's applause:*
> *This is the Happy Warrior; this is he*
> *That every man in arms should wish to be.*

This anthology is not available in the RSA, but can be ordered 'print-on-demand' through Amazon. Be warned, the shipping costs from the US are prohibitive".

23. *Specialized Cooking : The Recce Way*

Douw Steyn of the Parabats says that "... this new book is on the shelves in all bookstores in both Afrikaans and English. The book deals with the eating habits of the Recces and include funny stories about eating in the bush, survival, selection and social life. Get your copy now as a Christmas present. All funds raised go to the Special Forces Association. Order a signed copy of the book from me for R330. The first three request will have the signatures of both authors and also of six other Operators. My e-mail address is SteynD@proteacoin.co.za".



PAUL ELS SE BOEKE

24. Boek oor Walvisbaai (WB)

"Die fotos van WB kom stadig in en ek gaan nou die lede begin kontak wat vir ons stories en fotos belowe het. Gert van Niekerk en Pieter van der Walt van die Geskut sal in die volgende paar weke aan hoofstuk 6 aandag gee. Alta van Schalkwyk, Tobie se weduwee, gaan volgende maand vir 'n paar weke by haar seun in WB kuier en gaan poog om wyle Chopper Fourie se verhale by sy weduwee te kry".

25. Haarsny by Walvisbaai se Basis

* Marius van der Ryst het "... aan my genoem dat aan die troepe kaartjies vir haarsny uitgereik is en elke tweede week moes aantree om te gaan hare sny. Wie kan verduidelik hoe hierdie stelsel gewerk het en waarom die kaartjies (foto hieronder) nodig was?"

* Rupert Beukes noem dat "... ons by D Eskn ons eie haarsnyer gehad het, maar met inklaar het die korporaals sommer die nodige gedoen. Daarna moes die troepe self hulle hare netjies hou".

* Pieter van der Walt van die Geskut noem dat daar in sy tyd "... nie kaartjies vir haarsny gebruik is nie. Lede van die S Mag het die register na die haarsny geteken en die einde van die maand betaal. Die NDPs moes een keer per week hulle hare laat skeer en die geld is deur die Betaalmeester verhaal en aan die haarkapper oorbetaal".

ASPEKTE WAT DIE PENSIONARISSE SE PENSIOENFONDS (GEPF) RAAK

26. Naamsverandering van die GEPF Moniteringsgroep (MG)

Errol Massey-Hicks van die SAV verklaar dat "... die MG se naam na Assosiasie vir die Monitering en Voorspraak van Regeringspensioene (AMVRP) verander moes word om as 'n nie-winsgewende organisasie te registreer".

27. E-posadres van die AMVRP

Errol Massey-Hicks noem ook dat die AMVRP nou sy eie e-posadres het en dat berigte aan gepf.monitor@gmail.com gestuur kan word.

28. Verkiesing van Trustees vir die GEPF se Raad van Trustees. Daar is verskeie persone wat hulle as Trustee verkiesbaar stel en die AMVRP stel voor dat een van die volgende deur die Pensioenarisse oorweeg word om as hulle verteenwoordiger op te tree:

* Mnr Bertie Loots

Afgetree as Adjunk Ouditeur-generaal. Hy is as kundige by die AMVRP betrokke maar moet nog sy nominasie bevestig.

* Genl-maj Dries de Witt

Hy is reeds lank by die GEPF betrokke en het nie verdere bekendstelling nodig nie.

* Mnr Stan Davis

Hy het as Sekretaris van die OBK Raad afgetree nadat hy vroeër by die Tesourie gedien het. Hy is ook by die AMVRP betrokke.

* Mnr Koot Myburgh

Koot is 'n regsgeleerde en is 'n Secundus vir Stan Davis.

Die bogenoemde persone kan ook dalk deur ander organisasies en belangegroepe genomineer word, maar ons volstaan met hulle. Indien die lede hulle nominasie aanvaar en as genomineerdes kwalifiseer, sal hulle CVs vanaf 15/01/2018 2018 met 'n stembrief per pos vanaf die verkiesingsbeampte ontvang word vir die verkiesing wat volgende jaar plaasvind".

29. Artikel in Soldier oor die GEPF

Dries de Witt van die SALM is ‘n verkose Trustee op die Raad van Trustees van die GEPF en verklaar dat hy “… onlangs ‘n artikel in Soldier, getiteld ‘*Hoe Veilig is my Geld’ geskryf het.* Die artikel meld dat daar die afgelope jaar baie debat in die media oor die GEPF was. Daar was vrae oor hoe veilig my hard verdiende spaargeld vir aftrede is en of die Regering nie al my geld sal vat en dan het ek niks vir aftrede oor nie. Hierdie situasie het onnodige paniek onder lede veroorsaak en selfs tot gevolg gehad dat dienende lede oningeligte besluite neem deur te bedank, binne ‘n ekonomiese klimaat waar dit baie moeilik is om werk te kry. Die artikel poog om perspektief te gee oor die omvang van die GEPF as pensioenfonds, hoe die Raad van Trustees saamgestel is, asook onder andere die bewaring en groei van die Fonds se bates. Die volledige artikel kan vanaf my e-posadres by driesdw@telkomsa.net aangevra word”.

REMEMBERANCE DAY ON 11/11/2017

30. Wear the Poppy

Arne reminds us that Remembrance (Armistice) Day was on 11/11/2017, to mark the 99th anniversary of the ending of WW1, the Great War that was to end all wars. Please wear a poppy in 2018 in remembrance of all who gave their today’s for our tomorrow.

31. Mo Oelschig of the Parabats from Under the Shadow of the Rocky Mountains

“It is that time of year again; a time to remember the fallen and those that this year could not report for roll call. Our ranks are thinning, our frames are bent and our pace is slow, but the heart beats strong as we remember the deeds that were done for a cause that is proving more worthy, honourable and justified with the passage of time. So, scattered as we are, let us all, at the eleventh hour of the eleventh day of the eleventh month, honour those that fell doing their duty and to remember those that have simply faded away and salute those that yet remain”.

32. We Must Never Forget. John Fraser had sent the following to the SADF Association:

“Before Remembrance Sunday in Britain you will see a poppy-seller everywhere and the poppies are on almost every lapel. Not so here in South Africa. Why not? So, should we just forget about the Great War? Not in my lifetime. Poppy Day is not about hatred; it is about heroism. It is the way to support and honour those who fought, and the many who died, in defence of freedom. I have had relatives who fought in the wars, and they were far braver and more heroic than I could ever hope to be. So let us sell poppies in South Africa. Millions of them. And raise millions of Rands for the Veterans of this country, black and white, some of whose bravery may have been politically complicated, but it was bravery nonetheless. And let those poppies remind us of the horror and the sacrifice which war involves.

We must never forget.
We shall never forget".

33. Verkoop van Poppies deur die Seinersvereniging

Robbie Roberts van die Seinersvereniging rapporteer dat tien manne van hulle lede op 11/11/2017 die strate van Franschhoek ingevaar het om fondse vir die SA Legioen se Poppy Dag in te samel. Ons het Franschhoek gekies vanweë die groot aantal Europese kuiergaste aan daardie dorp wie meer geneë is om so 'n poging te ondersteun. Op 11/11/2017 het die Vereniging ook aan die Herdenkingsdiens in Kaapstad deelgeneem wat deur die Stadsraad georganiseer is.

34. Herdenkingsdiens op 12/11/2017

Deon Potgieter van die MOTHS se Seinafdeling verwittig dat die MOTHS op 12/11/2017 'n parade vir Herdenkingsdag by die Punt Senotaaf onder die St Blaize Vuurtoring in Mosselbaai aangebied het.

A Soldier was always prepared...
To answer the call to duty
To leave his home and family
He was even prepared to die
But he was never prepared...
To be forgotten

ALGEMENE ASPEKTE

35. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Nov 2017 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

36. Webtuiste van die Seinersvereniging

Robbie Roberts is die Voorsitter van die Vereniging en nooi "… die Seiners om by die Vereniging in te skakel. Die webblad is by www.signalsassociation.org.za en my e-posadres is robbie.wa.roberts@gmail.com".

37. Kennisgewingbord by Terracebaai

As Kleynhans van die Lugafweer vertel dat "… tydens my diens by SWAGM HK in Windhoek in die tagtigerjare het van ons gereeld by Terracebaai gaan galjoene vang. Van my makkers het besluit om my spesiale vangplek as As se Gat te doop. Na ons vertrek uit SWA het ek in 1991 'n groep vir 'n visvangekspedisie by Terracebaai bymekaar gemaak. Dirk van Niekerk van Logistiek was saam en het 'n bord met ASSEGAT daarop, uit 'n Ratel se pantserstaal laat sny en twee dik ysterstawe as bene aangesweis. Met aankoms by Terracebaai vind ons dat President Sam Nujoma ook daar visvang, met 'n battery 23mm LA kanonne wat rondom Terracebaai vir beskerming ontplooi is! Ek was toe nog persona non grata in Namibia en het my maar skaars gehou. Op die laaste oggend het ons gou vir ASSEGAT geplant en met ons vars buit koers gevat na die RSA toe!

Oor die jare het ek periodiek mense raakgeloop wat van ASSEGAT gepraat het. Verlede jaar het mense van Walvisbaai my last weet dat ASSEGAT nou op die kaart by Terracebaai aangedui word, maar dat daar nou net 'n houtbordjie staan met die naam Aas se Gat. Die ysterluis het seker die stawe opgevreet, en die bord lê dalk begrawe in die sand. Hierdie nuus het my genoop om ASSEGAT in ere te herstel en ek en Annatjie het Terracebaai in Okt 2017 gaan besoek. Ek kon darem 14 galjoene en 'n paar kabeljoue vang, maar die vis was skaars. My poging om amptelike toestemming te kry was nie suksesvol nie en ek en Annetjie het toe maar op die laaste oggend my bord gaan plant Ek glo dat die bord 'n ruk sal bly staan en dalk kry ek 'n rede om oor 'n jaar of wat self te gaan kyk".

38. Infanterie-broers op Kwela

Frans van den Berg van die Infanterie vertel dat hy en sy "… ses broers die Top 10 van die program 'Kwela' se 'Kwela-Funnies' op KykNET gehaal het. Dit is op 12/11/2017 uitgesaai en sal weer herhaal word. Kyk asseblief daarna, lag lekker saam en stem dan vir ons volgens julle gewete. Dit kan ons dalk help om die kompetisie en die prys te wen".

WELSYNSINISIATIEWE

39. NTR.

SOEKTOGTE

40. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

41. Infanterie-vereniging se Kersfees-ete op 06/12/2017

John Lizamore nooi "...al die Infanteriste en belangstellendes na ons Kersfees-ete en afsluitingsfunksie by die Bronberg Wynkelder vanaf 12:00 op 06/12/2017. Daar is heerlike kos en drankies teen die SAW se pryse. Bespreek asseblief by Willem (KG) Bester se selno 082 415 6892 of by Jakkie by Bronberg se selno 076 452 6182. Kom geniet dit hier en kuier lekker saam!"

42. Centurion se Ete-groepie op 16/11/2017

Die middagete is by die Bosvelder Restaurant in Centurion aangebied en het goed afgeloop. Dit was veral gaaf dat Johnny en Brenda Coetzer vir Hermien, Deon Ferreira se weduwee en Valerie, vrou van Vos Benade, saamgebring het. Vos word nou weens Alzheimer se Siekte in 'n versorgingseenheid versorg. Lede wat wil inskakel is welkom om 'n berig aan isajohan@johannisa.co.za te stuur. Henk Redelinghuys het die foto geneem en toon vir Lee le Crerar, Louw Trichardt, Johnny Coetzer, genl Ben Vorster, ou Vossie en Attie Keeve wat deur Henk oortuig is om gou vir 'n foto reg te staan. Op die ander foto moes Johan du Preez, Gerda, Chris Wehrmann, Piet Fairbanks en Phillip Lloyd vir 'n wyle ophou eet sodat Henk die foto kon neem. Kyk die groot borde kos wat die Bosvelder teen afslagpryse vir die Ete-groepie aanbied.

43. Trip to Angola

Louie Greeff advises that he is arranging a trip to Angola in Jun 2018 and "... invites Military Veterans to go along. We will cross into Angola at Ruacana and from there travel to Chitado, Namibe, Lubango Cuvelai, Cassinga, Jamba (Savimbi's HQ), Kuvango, Chitembo, Menongue, Longa, Cuito Cuanavale, Mavinga, Nankova, Cuangar, Ontjiva, Namacunda and back to Namibia. Those interested can contact me on my e-mail address at louie@beyondxtreme.co.za, with heading 'Namgola' Motorcycles and 4x4s are welcome. I will be riding on my 1200 GS".

NETWORKING

44. ADMINISTRASIE

45. Nuwe Lede. Later.

46. Foutiewe E-posadresse

* Dirk Greyvenstein by dirkg@vodamail.co.za
* Dolores Theron by dtheron@vodamail.co.za
* Gert Olivier by olivierredd@vodamail.co.za
* Johan Lötter by ltter@vodamail.co.za

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

47. Probleem met die Opstel

Gert du Toit van die Infanterie sê dat "… die Boere se kinders maar met Engels op skool gesukkel het en onthou van die opstel wat hy oor die dame moes skryf wat op die trappe gestruikel het. Hy vertel toe "… that the lady came down the stairs, tripped, fell and laid prostituted on the floor. Die onderwyser se aanmerking was '…wrong word choice my boy, the word that you were looking for is prostrated, as there is a subtle difference between a fallen woman and one who has merely lost her balance".

48. Comparative Sizes of Cabinet

.

SLOT

49. En op daardie oordrewe noot word u ‘n aangename naweek toegewens.
Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

50. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.